

26 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 114

Fokusgedeelte: Psalm 114:7

Toon gepaste ontsag waar die Here verskyn

Die Psalm vind aansluiting by die wegtrek van die volk uit Egipte onder leiding van die Here. Die gebeure is gehul in talle wonderwerke wat die Here voor die oë van sy volk en hulle vyand gedoen het. En in die proses waarin die Here sy liefde vir die volk wys, werk selfs die natuur saam tot voordeel van sy volk. *Die volk van vreemdelinge in Egipte word die liefdesvolk van God. Aan Hom alleen behoort hulle hulself nou te onderwerp – met groot ontsag!*

In liefde en geduld, deur genade, neem die Here talle hindernisse uit die volk se pad, tot hulle 40-plus jare later die beloofde land binnetrek. Enige en elke poging om dit te verhinder (met die duiwel as hoofargitek daaragter) misluk, en juis dit moet die aarde, die hele skepping, voor God laat bewe.

So was daar deur die hele Ou Testament se geskiedenis pogings om God se belofte oor die Messias te stop of af te weer. Niks en niemand slaag nie. Jesus is gebore en gehoorsaam in elkeen wat aan Hom behoort se plek, ten volle sy Vader se opdrag. Eintlik moet ons sê: Deur buitengewone, wonderwerkende mag red Jesus elkeen wat sy Vader Hom gegee het en daardeur word ons wat ver van God gestaan het (vreemdelinge) naby God gebring (sy seuns en dogters). Gesalf deur die Heilige Gees dien Hy sy Vader en so verander die geskiedenis wonderbaarlik tot voordeel van God se volk. *Nou versorg God op besondere wyse die liefdesvolk onder alle omstandighede.*

Hierdie wete vul elke gelowige met eerbied en ontsag vir die Here – deur die werking van die Heilige Gees in elkeen se hart. Daarteenoor word dié wat teen God staan, met angstige bewing gevul, want die einde vir hulle is skrikwekkend!

Sing: Psalm 114:1, 4

Ds. P Fanoy (Windhoek)